FELICITAS SKOOL, BRAKPAN. 21 JUNIE 2018

Beste Ouer / Voog

Die 2de kwartaal het verby gespoed, en dit is alweer tyd om te groet vir die vakansie.

1. VORDERINGSVERSLAG

U ontvang u kind se Vorderingsverslag vandag. Ons wys graag daarop dat elke leerder volgens sy/haar eie vermoëns presteer en teen sy/haar eie tempo vorder.

2. MOEDERSDAG FUNKSIE: 11 Mei 2018

Baie dankie aan al die mammas en oumas wat hierdie mooi funksie saam met u kind bygewoon het. Ons waardeer u belangstelling en ondersteuning.

3. WINTERSPELE: 5, 6 en 7 Junie 2018

Die Winterspele het vanjaar by Janie Schneider Skool te Klerksdorp plaasgevind. Ons leerders het aan sokker, netbal, landloop en sagtebal deelgeneem. Leerders het teen 9 ander skole deelgeneem en baie goed gevaar. Ons is trots op julle.
Ons bedank al die leerders en personeel vir hul pragtige deelname en hul opoffering ter wille van Felicitas Skool.

4. BORG-'n-BLOKKIE

Baie dankie aan alle leerders wat hul Borg-'n-Blokkie vorms voltooi het en ingedien het. Elke leerder wat die vorm voltooi, het 'n heerlike sjokolade as beloning ontvang. Indien u nog in besit is van 'n vorm, moet die leerder dit so spoedig moontlik inhandig. Ons waardeer u belangstelling en ondersteuning.

5. MUNTLEGGING

Ons muntlegging het op Maandag, 21 Mei 2018 plaasgevind, om ons skool se verjaardag te vier. Dankie vir die geldjie wat u saam met u kind gestuur het en sodoende ons fondsinsamelingsprojek ondersteun het.

6. ALBERTON EISTEDDFOD

'n Groot groep van ons leerders neem tussen 13 en 17 Augustus 2018 deel aan die Alberton Eisteddfod. Pragtige kunswerke van ons leerders word ook binnekort ingedien. Ons wens ons leerders en personeel alle sukses toe.

7. REVUE 2017 DVD

Daar is nog Revue 2017 DVD's beskikbaar by die Finansiële Kantoor teen slegs R120 per DVD.

8. BELANGRIKE DATUM

Vrydag 22 Junie	**: Skool sluit om 10:00**
4 Augustus	: Damestee
9 Augustus	: Nasionale Vrouedag
23 Augustus	: Kultuuraand
31 Augustus	: Loslitdag
12 September	: Besigheidsontbyt
24 September	: Erfenisdag
28 September	: Skool Sluit

9. MULTI-MEDIA

Onthou om Felicitas Skool se Facebookblad te besoek en die blad te"like". Baie dankie aan Mev. Jolene Rheeder, 'n ouer van ons Beheerliggaam se Mediakomitee, wat die blad vir ons aktief hou. Inligting word gereeld op die blad gelaai en op die wyse word u op hoogte gehou van belangrike gebeure by Felicitas.

Graag wens ons elke leerder en sy/haar gesin 'n aangename vakansie toe.

Vriendelike groete

M. J . VISSER
SKOOLHOOF